

*“Waar gaan ons nog ’n keurder kry wat my goedgesind is?” – Die publikasiegeskiedenis van Storm Sevenster (1984) deur Wessel Pretorius*

ABSTRACT

*In 1984 the novel Storm Sevenster by Afrikaans poet Wessel Pretorius, caused havoc with rumours that publisher Perskor intended to submit the publication to the censorship board before accepting it for publication. This article looks at the controversy surrounding the publishing process of the first punk novel in Afrikaans, the significance of André P. Brink in creating a positive opinion of the novel with the general public, censorship documentation and the reception of the novel (including the reprint in later years) in the Afrikaans literary system.*

One can understand why there was a pre-publication hullabaloo around “Storm Sevenster” [...] The subjects treated are only failed love relationships, drunken driving and motor accidents, poetry, drugs, pubs, alcohol and Alcoholics Anonymous – an incredible shrunken world – 180 pages of it. – Jan Rabie (*The Cape News*, 1984:8)

## 1. Agtergrond

Die hoofkarakter van Pretorius se Afrikaanse punk-roman is ’n kranige en hoopvolle skrywer. Storm Sevenster, alias Fred, se uitgewer verduidelik ’n knelpunt in die publikasieproses van sy roman as volg aan hom (Pretorius, 2010b:108):<sup>1</sup>

“Ons sal die manuskrip na nog ’n keurder moet stuur. Die hoofbestuur verlang nou twee keurverslae. Ek weet dit is lastig, maar met die huidige ekonomiese toestande kan hulle nie kans waag nie. En verder heg hulle nie veel waarde aan dr. Eksteen se opinie nie.”

“Ag here, [antwoord Fred] waar gaan ons nog ’n keurder kry wat my goedgesind is?”

’n Beskrywing van ’n fiktiewe situasie wat besonder baie ooreenstem met die ware publikasiegeskiedenis van dié roman. *Storm Sevenster* het die eerste keer in 1984 by Perskor verskyn. Dit is voorafgegaan deur ’n mediastorm rondom gerugte

---

1. Herdruk-uitgawe van *Storm Sevenster*, hierna afgekort as SS met verwysing na die titel.

dat die uitgewer dit vir pre-sensuur wou voorlê, ’n dreigende boikot deur die Skrywersgilde en die afdanking van dr Hans Alink, literêre redakteur van Perskor, weens sy kritiek teen pre-sensuur met betrekking tot dié publikasie.

Pretorius, wat teen hierdie tyd reeds ses digbundels en bydraes in verskeie literêre en versettydskrifte van die dag gepubliseer het (o.m. in *Standpunte* en *Tydskrif vir Letterkunde*) was teen hierdie tyd nie sonder ’n literêre reputasie nie, en die saak het groot aandag in sowel die Afrikaanse as Engelse media geniet.

## 2. Wessel Pretorius – figuur en publikasies

Wessel Pretorius het 11 digbundels – sewe by hoofstroomuitgewers en vier as selfpublikasies – en een roman gepubliseer.<sup>2</sup> Hy was betrokke by die redaksie van die *little magazine* *Izwi*, het in ’n wye verskeidenheid Afrikaanse én Engelse *little magazines* én literêre tydskrifte van die tyd gepubliseer, en het in van sy bundels saamgewerk met bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars. Ten spyte hiervan kon Pretorius egter nie ’n waardige plek in die literatuurgeskiedenis verower nie.

TT Cloete verwys in *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig* (1980:222–224) reeds na Pretorius se digkuns as blote saaklikheid en barheid, nie poësie nie; as ’n digter met “geen noemenswaardige ontwikkelende digterskap” nie; en na ’n kenmerkende agteruitgang in die gehalte van sy gepubliseerde digkuns met elke bundel wat sou volg. Kannemeyer (2005:461) weer benadruk Pretorius se tekort aan verbeelding en sy hele oeuvre word in 14 reëls afgeskryf.

Oor die kritiek op sy werk, het Pretorius (aangehaal in Terblanche, 2012) in 1981 reeds op sy kenmerkende aweregse en sarkastiese wyse vrede gemaak: “Kom ons gee die kritici ’n kans. Kom ons maak van hulle godjies, maar ons sê vir hulle: hier is ek, kyk, so hou ek braaivleis op my eie manier en bogger jou gemarineerde skaapribbetjie ...”

Met betrekking tot sy verteenwoordiging in bloemlesings vir sy poësie-oeuvre sien dit effens beter daarna uit. Opperman (1983) neem teen 1983 ses

---

1 Wessel Pretorius (1949–2012) se oeuvre sluit 11 digbundels en die roman *Storm Sevenster* (herdruk 2010) in: *Maat van die onbekende* (Tafelberg, 1970); *Woorde vir ’n windharp* (Perskor, 1974); *Nuwe wêreld* (Perskor, 1974); *Laatnagvrese* met etse deur Braam Kruger (privaat uitgawe in beperkte oplaag, 1976); *Laatnagvrese & ander verse* (Tafelberg, 1979); *Ruimte-ark-kolonie* (Perskor, 1980); *Katarak* (Perskor, 1989); *Die seep kraak in die gastekamer* met etse deur Annette Pretorius (Bent Uitgewers, 1999); *Jy kan skoelappers sien aankom* met etse deur Annette Pretorius (Bent Uitgewers, 2001); *En kyk na die omowit engele op die rolbalbaan* (Protea Boekhuis, 2003) en *My selfoon is in my hand* (Morris, 2009). Hy het ook ’n toneelstuk saam met Johan van Wyk geskryf – *Oudisie om die einde van die aarde te verhoed* is in die tagtigerjare in die Mark- en Staatsteater opgevoer.

van Pretorius se verse in *Groot Verseboek* op, en Brink (2000) nege verse wat in die 2008-uitgawe tot tien uitgebrei word. In *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (Foster & Viljoen, 1997) is ses verse opgeneem en in Komrij se *Die Afrikaanse poësie in ’n duisend en enkele gedigte* (1999) word sy digkuns met sewe gedigte verteenwoordig.

In 1977 het Pretorius vir omstredenheid gesorg toe hy een van drie beoordelaars was wat die Mej Kaal-wedstryd in Maseru, Lesotho gaan beoordeel het. Toe reeds het hy in ’n onderhoud met Jeanne Goosen in *Hoofstad* aangedui dat hy ’n roman in die pyplyn het. Hy sê: “Ek kom nie aan die skryf nie. En nou dat ek nie meer getroud is nie, het ek ook nie meer saans potplante om nat te gooi nie – ook nie meer ’n kat om te skop nie. Dit kan natuurlik nie so aangaan nie. Ek dink ek sal volgende jaar [...] maar weer gaan sit en ’n boek skryf. Oor meisies” (aangehaal in Terblanche, 2012).

Pretorius onderbreek sy tradisie van poësiepublikasies in 1984 met ’n eksperimentele roman, *Storm Sevenster*, in die punk-tradisie (kyk Van Schalkwyk, 2011:226–228 vir ’n bespreking van die punk-elemente). Nege grepe/fragmente uit dié roman het tussen 1973 en 1983 o.m. in *Stet*, *Tydskrif vir Letterkunde*, *Standpunte*, *The Bloody Horse*, *Izwi* en *Contrast* verskyn.

Volgens die keurverslag van Perskor se redakteur, Hans Alink (1983), het die leser hier nie alleen met ’n ‘happening’ in die moderne Afrikaanse roman van die Tagtigerjare te doen [...] nie, maar met ’n diepgaande stuk prosa; dat Pretorius met dié roman ’n debuut as prosaskrywer maak waarvoor hy hom beslis nie hoef te skaam nie; [en] dat Pretorius met dié werk as een van die ‘trendsetters’ van die jong generasie Afrikaanse skrywers van die dekade beskou kan word.

Willem Anker (2010) meen, by die herdruk in 2010, dat dié roman in die hardegat tradisie van RR Ryger en Ryk Hattingh is. “Aspris en windgat en gee nie om vir pruilbek literêre tradisies of maniere nie ... Die roman steier uitbundig dronk rond tussen Bukowski en *Loslyf* [...] Dis hard, dis banaal, dis lirie in sy dronkverdriet; dis fantasmagories; dis kru; dis Suid-Afrika in die 70’s en 80’s.”

Dit word beskou as ’n voorloper van Kleinboer (Crous, 2011:169–170), en was volgens kritici van die jare tagtig vergelykbaar met die werk van Henry Miller (Van Zyl, 1984:14), Malcom Lowry, Fitzgerald, Hemingway e.a. tydgenote en herinner dit aan Ken Kesey se *One flew over the cuckoo’s nest* (Alink, 1983). Jan Rabie (1984:8) het gemeen dit bou voort op die tradisies van Dan Roodt en André Le Roux. Vir Brink (1983) het dit aan DM Thomas se *White Hotel* herinner en dit word in die kuns vergelyk met ’n skildery van Jackson Pollock (Pienaar, 1984:8) of Salvador Dali (Direktoraat van Publikasies, 1989), want soos die sensuurraad beslis het: “[d]ie hooffiguur versuip homself feitlik in woorde en nogmaals woorde” (Direktoraat van Publikasies, 1989).

Volgens Kannemeyer (2005:460–461) “handel [dié roman] oor die vergrype aan drank en vroue met Boeddhistiese verwysingsraamwerk as mitologiese stramien [wat] sowel stilisties as struktureel [...] aansienlike gebrek [het].”

Veral Brink het tot die verdediging toegetree met sy mening dat die toets vir die eksperimentele in die skrywer se vermoë lê om agter die oppervlak ’n sinvolle struktuur op te stel; en dit vol te hou. Brink (1983) verduidelik: “In baie opsigte is dit, wat onderdele betref, eksperimenteel ter wille van die eksperiment: die punk-toon, die beat-toon, die skielike afwykings en variasies, die blatantheid veral ten opsigte van die seksuele. Maar algaande pas dié skerwe en brokke in ’n baie vernuftige patroon in.”

Só maklik kan dié roman dus nie as blote eksperiment afgeskryf word nie – dit is immers die eerste punk-/pop-roman in Afrikaans wat ook ’n stuk ongedokumenteerde boek- en literatuurgeskiedenis saamdra, en met die herdruk (in 2010) weer vir kritiese vrae oor die onderskatting gesorg het (Anker, 2010; Lambrechts, 2010:9; Van Schalkwyk, 2011:226–228).

### 3. *Storm Sevenster* (1984)

*Storm Sevenster* is ’n outobiografiese roman wat volgens Alink (1983) “waarskynlik in baie groot mate die lewenservaring en wensdenkery van die skrywer self onthul” (kyk ook Olivier, 1984:19). Die hoofkarakter Stephanus Tertius Okkert Rudolph Machiel Sevenster – in kort S.T.O.R.M. – is ’n digter wat veral van die pienk digters hou waarmee hy kennis gemaak het deur middel van avant-garde-literêre tydskrifte.

Die ingenieursberoep is ’n verdere raakpunt tussen Sevenster en Pretorius. ’n Beroep waarvoor Pretorius “dik en siek en sat is [van] rirole en paaie en robotte ontwerp” (aangehaal in Terblanche, 2012) en wat Storm in sý fiktiewe wêreld dryf na gedigte skryf, geld op die perd laat wed, vroue, maar meestal somer net na drank.

Pretorius maak van ’n gefragmenteerde styl gebruik, deur die narratief met aanhalings, briewe (syne en ander en selfs ook sy oorlede ouma s’n), grepe uit ’n roman, dagboekinskrywings, verdraaide Bybelverse, drome, intratekstuele verwysings, kritiek op sy gedigte, lysies, personalia, titbits, herhalings, getranskribeerde telefoonoproepe, gedigte, vertalings, sielkundige notas wat hy uit die legger van sy sielkundige steel, regsdokumente, en ’n AA-vraelys te onderbreek. “In *Storm Sevenster* word die pop-digter pop-skrywer,” skryf Hans(ie) Pienaar (1984:8), “waar hy sy digkuns bou met ‘junk’-woorde uit die alledaagse verbruikerslewe, is sy prosa die ‘junk’-uitdrukkings en beskrywings uit die kroei en galgegrappe van die subkultuur van die AA en ’n bietjie uit ‘science fiction’”.

Die roman word in drie afdelings aangebied, waarvan die eerste oor Storm se seksuele ontwaking en bemoeienis met vroue handel. Dit is oorbevolk met vroue soos Astrolite, Alena, Springs, Franny, Ursula, Jo, Rosa, Stilla, Tish, Suzette. Hulle is meermaal blond, altyd blote seksobjekte, in meeste gevalle one night stands, soms kortstondige verhoudings, of huweliksmaats vir langer of korter tye.

Storm skryf in sy dagboek (SS, 50):

Vanoggend se lesing gelewer deur die direkteur van hierdie [AA-rehabilitasie] kliniek, het gehandel oor die ses tipes huwelike: mekaar nodig vir seks; een dra broek en tjekboek en is baas van die plaas; een abba die ander; ’n derde persoon of die bottel meng in; die toneelspelers; en natuurlik laaste maar nie die minste nie: die volmaakte huwelik wat nie moontlik is nie.

Hier toe voeg Storm ’n sewende kategorie: “Die op-die-rotse-tipe huwelik wat werk, soos myne.” En hoe sou Sevenster stabiliteit in sy lewe bewerkstellig? Hy is immers die soort man wat glo “dat ’n bottel en ’n vrou nie bedoel is om regop te bly staan nie” (Pienaar, 1984:8), of soos Olivier (1984:19) die situasie beskryf: “die vrou [is] uitsluitlik ’n seksobjek wat stormenderhand of met ’voltydse volharding’ [...] verower moet word”.

In afdeling II beland hy dan ook weens sy drankmisbruik in ’n rehabilitasiekliniek tussen ander “spoetniks” waar die gesprekke deurtrek is met drank en die versugting daarna groot en onoorwinbaar is. Storm se beroep as ingenieur dryf hom om punk-gedigte vir meisies te skryf wat hom dan weer tot drank dryf (SS, 17), en wat hom later sy 7.5-liter Mustang – wat soos ’n getaway-gangser-kar lyk – om ’n paal in sy dronkenskap laat vou (SS, 41). En iewers is daar nog die fyn draad wat loop tussen drank, liefde en die skryfwerk, waarin hy lank reeds verstregtel is.

Storm het ’n behoefte aan ’n plek waar hy sy wonde kan lek, sy verhoudings loop op die rotse, sy roman wil nie vlot nie, sy werk as siviele ingenieur en, sy raaiskote op die perde kry hom onder en roei hom finansiële uit. Hy het ’n plek nodig waar hy kan voel: “te hel met alles, en ’n tweede kan bestel,” en ’n derde ... (SS, 31). En as kroeë die speelveld is, kruis jou paaie vinnig met die soort vrou wat vir jou hoofbrekens besorg en selfs met ongure karakters soos Jakkals – die oënskynlik vreemde skaakspeler met die groot politieke moord op sy kerfstok wat later sy ware kleure in verbale en fisieke geweld laat deurskemer. Hy laat Storm se huweliksprobleme van “vlieënde asbakkies, sambrele en bytwonde na grepe uit ’n feevertaal [lyk]” (SS, 37).

Met sy nuwe gerehabiliteerde lewe en sy vrees vir Jakkals verander Storm dan ook sy naam in Afdeling III na Fred. Hy en sy psigopatiese baas Alfred – ’n soort alterego van Fred (kyk ook Olivier, 1984:19) – speel die perde steeds onsuksesvol. Sy boek begin uiteindelik vlot, as sy derde vrou nou net wil ophou om sy aktetas

oop te maak en sy werk te lees – en sy is dan ook swanger met hulle eerste kind, klein Stormpie. Maar die klein jakkalsies hou in Fred/Storm se spoor tot aan sy bittere einde:

Fred, vasgenaël voor sy tikmasjien, is laat daardie aand in sy slape geskiet. (Die venster en gordyne was oopgetrek. 'n Aerosolkan DOOM het langs 'n kan Tassenberg gestaan. Dooie motte in die lig van die leeslamp. Fred se bebloede kop op die toetse van die tikmasjien met 'n Progress-sigaret in sy neusgat op) (SS, 123).

#### 4. Perskor en die herrie rondom pre-sensuur

Reeds in die keurverslae van Brink (1983) en Alink (1983) is daar 'n bewustheid van die sensuurraad en 'n moontlike verbod op die roman. Brink skryf:

Die ouer dames van ons kultuur sal dit hot-agter kry met die geilte van veral die eerste deel. Maar ek dink dis volkome regverdigbaar in die konteks van die geheelstruktuur: en seer sekerlik gaan die werk deur sy eie opset 'n taamlike intellektuele leserskring afbaken. Dis gewoon bo die vuurmaakplek van die genoemde oudames. Daarom sou ek sterk aanraai dat die werk ook nie vir publikasie gekuis word nie.

Perskor het onderneem om *Storm Sevenster* uit te gee mits Pretorius en sy redakteur die manuskrip so 'n bietjie “veilig” skaaf. Volgens Pretorius moes die manuskrip bladsy vir bladsy deurgewerk word om die gebruik van die woorde “god” en “fok” tot die minimum te beperk (Pretorius, 2010a), maar die roman sou vir die tyd nie genoegsaam gekuis kon word nie, daarvoor was die seksuele inhoud te eksplisiet, die taalgebruik te kru, die afbreek van godsdienstige waardes en die uitgesproke ateïstiese oortuiginge té omstrede.

Ook Alink (1983, oorspronklike beklemtoning) maak in sy aanbevelingsverslag dit duidelik dat die manuskrip reeds soveel as moontlik afgewerk is:

Met die ingedagtehouding van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede van 1974 en die Raad se meestal inkonsekwente interpretasie van hierdie wet, het ek saam met Pretorius 'n aantal veranderinge in die teks aangebring waar dit moontlik aanstootgewend kan wees. Waar seksuele verwysings en vloekwoorde herhaaldelik (soms te veel) gebruik is en dus nie meer funksioneel was nie, maar eerder bedoel is om sensasiewekkend te wees, is hulle verander of verwyder.

Pretorius het die nodige veranderinge aangebring soos deur my aanbeveel en die werk is dus GENOEG GEKUIS. 'n Verdere kuising van die teks sou beslis afbreek doen aan die karakter van die werk.

Die publiek wat hierdie werk sal koop, sal beperk wees tot dié leser wat meer intellektueel en akademies georiënteerd is.

Ten spyte van Brink en Alink se motiverings vir die publikasie van *Storm Sevenster* bars daar laat in 1983 egter 'n storm in die media los. Pretorius het aan die verslaggewer van die *Rand Daily Mail* (1984) gesê dat hy 'n oproep van Piet van

Heerden – hoof van Perskor se publikasies – ontvang het, waarin Van Heerden glo gesê het dat hy van die manuskrip hou, maar dink dat die seksuele verwysings te eksplisiet is. Van Heerden het die inhoud glo met Koos Buitendach bespreek, en hulle het ooreengekom dat die manuskrip aan pre-sensuur onderwerp sal word.

Alink – wat ’n doktorsale studie oor sensuurwetgewing in Nederland voltooi het (*The Argus*, 1983:8) – is ook weens sy kritiek op Perskor se pre-sensuurbeleid afgedank (Macleod, 1983; *Rand Daily Mail*, 1984; *The Argus*, 1983:8; Van Wyk, 1983a en 1983b:6). Perskor se direksie het jare lank ontken dat dit die ware toedrag van sake was, en dat dit blote toeval is dat die twee geleenthede saam sou val (Van Wyk, 1983a). ’n Uitgereekte hofsak tussen Perskor en Alink het egter gevolg wat later buite die hof geskik is, die regskoste vir Perskor se rekening (Alink, 2010).

Afrikaanse skrywers soos André P. Brink en Bartho Smit het met ’n boikot gedreig sou die manuskrip ná keuring afgewys word, en ’n dringende vergadering is belê (*Die Burger*, 1983:21; *Die Volksblad*, 1983:15; Van Wyk, 1983a en 1983b:6). In die Skrywersgilde (1983) se nuusbrief vir November 1983 word aangedui dat Jan Rabie, Chris Barnard en Bartho Smit namens die Gilde met Frans Wessel en Piet van Heerden van Perskor byeengekom het, en dat daar beslis is dat:

- die publikasie nooit deur Perskor afgekeur is nie, en dat hulle wel met publikasie sal voortgaan;
- dat Perskor nie aan pre-sensuur meedoen nie,
- en dat Hans Alink se afdanking nie met hierdie saak verband hou nie.

Daar is in die media berig dat *Storm Sevenster* binne drie maande gedruk sou word (*Die Vaderland*, 1983:7), en Brink se aanprysing vir die roman in die keurverslag – wat ook as flapteks op die agterblad opgeneem is – het in *Die Transvaler* (1984:17) en *Die Vaderland* (1984:13) vóór en by publikasie o.m. as resensies verskyn.

Perskor het *Storm Sevenster* in 1984 uitgegee, maar volgens Pretorius (2010a) was hulle volgens kontraktuele verbintenis onder geen verpligting om die boek te bemark en te versprei nie. Twee posbestel-advertensies het in koerante verskyn, maar dié publikasie is nooit in die breë boekhandel beskikbaar gemaak nie. “Ek het op die einde met honderde Storms gesit wat ek aan vriende en kennisse uitgedeel het,” het Pretorius (2010a) vertel.

## 5. Die resepsie van *Storm Sevenster*

Na wete het daar vyf resensies in 1984 verskyn, maar dit is veral die mediablootstelling rondom die pre-sensuur en die Skrywersgilde wat oorheers het (Brink, 1984:17; Olivier, 1984:19; Pienaar, 1984:8; Rabie, 1984:8; Van Zyl, 1984:14). Telkens in dié berigte was daar verwysings na Brink se mening van

die roman (uittreksel uit die oorspronklike keurverslag), soos dit as flapteks afgedruk is (o.m. De Bruin, 1984:24; *Oosterlig*, 1984:12; *Tempo*, 1984:11), maar ook sy kritiese uitsprake teen pre-sensuur in die geval van Pretorius (*Die Volksblad*, 1983:15; *Rapport*, 1983:s.j.; *The Argus*, 1983:8). Weens die groot aantal mediaberigte – wat ook onder meer na die Engelse pers oorgespoel het (o.m. Macleod, 1983:s.j.; *Rand Daily Mail*, 1984:s.j.; *The Argus*, 1983:8) – is daar gemeen dat die boek nou ’n groter lesersmark sal hê, en goed sal verkoop, maar oor die moontlikheid dat die publikasie verbied sal word, is wyd berig. In *Tempo* (1984:11) skryf die verslaggewer:

Vinnige bemerking is [...] nodig. Wat ook al die uiteindelige lotgevalle van hierdie boek mag wees, twyfel ek vir geen oomblik aan die sukses daarvan nie. Die feit dat Pretorius met soveel durf oor ’n kontroversiële saak geskryf het en dat Perskor dit uitgegee het, moet as ’n nuwe deurbraak in die Afrikaanse letterkunde beskou word.

Positiewe resensies benadruk die “way-out, puckish humour” (Rabie, 1984:8); popkunseienskappe wat ’n eerste in Afrikaans is, oortuigende uitbeelding van die werklikheid (Pienaar, 1984:8), vernuftige perspektiefwisseling en ’n goed gekonstrueerde roman (Van Zyl, 1984:14).

Maar, die publikasie was nie sonder kritiek nie. Gerrit Olivier (1984:19) skryf:

Meestal word daar sommer met die deur in die huis geval – wat mooi sou gewees het as dit nie elke keer dieselfde deur en dieselfde huis was nie. [...] Die banaliteit van Pretorius se styl en taalgebruik moet grotendeels die skuld kry hiervoor. Vir Storm se rumoerigheid kon hy nie ’n oortuigende taal kry nie; die boek wil hardegat en jollik klink, maar die oorweldigende aantal clichés maak dit kunsmatig; in plaas van ’n brutale toon [...] het ’n mens sinne wat in ’n tydskrifverhaal meer op hulle plek sou wees. [...] Om dié rede raak Storm [...] op die lange duur irriterend en selfs weersinwekkend.

Pienaar (1984:8) meen egter dat kritici die roman se punk-oorsprong ontken en daarom nie die kloutjie by die oor kan bring nie (kyk ook Timmermans, 1984:18). Naas Brink se positiewe uitsprake is dit egter la van Zyl (1984:14) wat in haar omvattende ontleding die naaste aan ’n regverdiging en ontsluiting van die roman kom. Sy skryf:

Groot dele van Storm [is] opsetlik in swak smaak, immoreel, dokument eerder as letterkunde, fiasko eerder as skepping. [...] Storm Sevenster is nie slegs ’n stuk blatante obseniteit nie, maar ’n paslike [...] verwoorde noodkreet uit ’n steriele wêreld van seks en geweld waaruit geen ontsnapping moontlik lyk nie.

Vir die tyd, het Van Zyl se deeglike bespreking ’n waardevolle bydrae gelewer tot die ontsluiting van ’n komplekse roman waarvan die romanstruktuur en tematiek ook verweef is met die Boeddhistiese-Hindoeïstiese wêreld, Oosterse filosofie en die Jungiaanse individuasieprosesse. Van Schalkwyk (2011:226) spreek egter sy



teleurstelling uit in Van Zyl se benadering om die roman as moralistiese projek te red, deur haar bespreking daarvan as ’n “aanklag teen ’n wêreld vol immoraliteite”. Sy beskou dit immers as ’n “bejammerenswaardige verteenwoordiger van ’n hele ‘lost generation’ en die boek kan waarskynlik gesien word as ’n aanslag op die tydgenootlike gewete. [...] [D]it [word] ’n aanklag teen ’n wêreld waarin seks en geweld van dag tot dag straffeloos verheerlik word” (Van Zyl, 1984:14, kyk ook Rabie, 1984:8).

## 6. Sensuurdokumente

Op 13 Oktober 1989 – ongeveer vyf jaar na die verskyning van *Storm Sevenster* – ontvang die publikasieraad ’n klag oor *Storm Sevenster* van ene mev E Delpont, Mahoniclaan 22, Dal Fouché, Springs (Direktoraat van Publikasies, 1989) wat as legger P88/11/165 geopen word. Vier kort leesverslae word onder die voorsitterskap van mnr. Ramsay aangevra, en al die lesers is dit eens dat die boek ’n soort eksperiment is, wat weens die literêre aard, styl, gebroke struktuur en wisselende vertelperspektief tot ’n beperkte gehoor sal spreek. Die Raad is egter bewus daarvan dat dit die gewone leser erg sal skok omdat dit – volgens Van Vuuren se leesverslag – so weersinwekkend is, dat jy jouself moet dwing om verder te lees.

Die publikasie word geoormerk in terme van die Wet op Publikasies 42 van 1974 artikel 5.2 (a) en (b) waarvolgens ’n publikasie ongewens verklaar word as dit

- (a) onbetaamlik of onweloweglik is of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is; en
- (b) godslasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is.

Ironies genoeg, is dit weens die beperkte lesersmark nie ongewens verklaar nie, en soos Van Vuuren (vir die Direktoraat) meen, is daar dalk selfs ’n positiewe uitkoms aan so ’n publikasie: “Ek is van mening dat die deursneeleser die boek gou sal neersit. [...] ’n Moontlike verdienste van die boek is die ‘beskrywing’ van die nagmerriewêreld v[an] d[ie] alkoholis. Dis so katastrofies dat dit dalk ’n positiewe uitwerking op potensiële drankslagoffers mag hê!” (Direktoraat van Publikasies, 1989).

## 7. Slotsom

In 2010 verskyn daar ’n heruitgawe van *Storm Sevenster* in ’n beperkte oplaag van 250 eksemplare by die uitgewershuis Hond, en dit word wyd geresenseer en besonder positief deur kritici ontvang (Anker, 2010; Lambrechts, 2010:9; Van Schalkwyk, 2011:226-228).

Van Schalkwyk (2011:226) voer egter aan dat die beperkte oplaag “slegs ’n gedeeltelike opheffing van die aanvanklike marginalisering [was]. Literêr-histories is dit wel ’n klein mylpaal, ’n beskeie regstellende gebeurtenis in die literêre sisteem, maar die vraag bly staan waarom hierdie roman nie, selfs veel vroeër as 2010, heruitgegee is in ’n groter oplaag en/of by ’n groter uitgewer nie.”

Die twee ingenieurs én digters Storm Sevenster en Wessel Pretorius verdien meer as hulle onderskeie drie en 14 reëls van miskennig met die bestaande oortuiginge van dit wat as noemenswaardige literatuur vir opname en in literatuurgeskiedenis beskou word. Dit is tyd dat daar ook aan die eksperimentele literatuur en alternatiewe publikasie-inisiatiewe aandag gegee sal word, soos wat ons reeds met publikasies oor die Voëlvry-beweging en *Vrye Weekblad* gesien het. In aansluiting hierby, is dit jammer dat sedert die ontsluiting van ’n magdom sensuurdokumente in die Nasionale Argief, hierdie dokumente nog nie groter neerslag in navorsing met betrekking tot die Afrikaanse literatuur gevind het nie.

Pretorius is op Dinsdag 13 Maart 2012 in die Empangeni Gardens-hospitaal ná ’n beroerte oorlede. Johann de Lange (2012) lewer in sy huldigingsgedig ook kritiek op die gebrek aan erkenning by Pretorius se afsterwe:

Laatnagvrese

Wessel Pretorius (1949–2012)

Wessel, dit is nou drie dae na jou dood  
& die koerante swyg in al hulle kolomme  
oor die dertiende van die derde  
toe jy die onderspit gedelf het.  
Die media voel fokkol vir digters.  
Nou sit ek teen dagbreek heeltemal nugter  
& half verleë, & ek skaam my vir my kollegas.  
Ons twee was op die beste van tye haaks  
(dareem nooit slaags, behalwe in woorde)  
Maar ’n digter verdien ’n send-off.  
[...]

Universiteit van Pretoria

## VERWYSINGS

### AFRIKAANSE SKRYWERSGILDE.

1983. Nuusbrief – November 1983. [Verskaf deur Wessel Pretorius].

ALINK, H.

1983. Keurverslag oor Wessel Pretorius: Storm Sevenster. [Ongepubliseerde keurverslag verskaf deur Wessel Pretorius].

2010. Persoonlike onderhoud: Telefonies. 13 Oktober.

ANKER, W.

2010. Storm Sevenster deur Wessel Pretorius. *Die Burger*, 17 Oktober. Aanlyn beskikbaar by: [http://www.griffel.co.za/storm\\_sevenster\\_DB\\_resensie.pdf](http://www.griffel.co.za/storm_sevenster_DB_resensie.pdf) (Besoek op 15 Augustus 2012).

BRINK, A.P.

1983. Keurverslag oor Wessel Pretorius: Storm Sevenster. [Ongepubliseerde keurverslag verskaf deur Wessel Pretorius].

1984. Skerwe, brokke vorm ’n slim patroon. *Die Transvaler*, 23 Februarie: 17.

1984. Storm is oortuigende en vernuftig. *Die Vaderland*, 7 Mei: 13.

BRINK, A.P. (SAMEST.).

2000. *Groot Verseboek 2000*. Kaapstad: Tafelberg.

2008. *Groot Verseboek* [eerste uitgawe in drie dele]. Kaapstad: Tafelberg.

CLOETE, TT. (RED.)

1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou.

CROUS, M.

2011. *Punk*-perspektief op die tagtigerjare. *Literator* 32(1): 169–170.

DE BRUIN, P.

1984. Tereg ’n omstrede eksperiment. *Die Burger*, 21 Junie: 24.

DE LANGE, J.

2012. Laatnagvrese. *LitNet*. Beskikbaar by: <http://litnet.co.za/Article/laatnagvrese> (Besoek op 15 Augustus 2012).

*DIE BURGER.*

1983. Pre-sensuur grief skrywers. 28 September: 21.

*DIE VADERLAND.*

1983. Perskor en gilde kom tot ooreenkoms. 2 November: 7.

*DIE VOLKSBLAD.*

1983. Skerp reaksie oor pre-sensuur. 27 September: 15.

DIREKTORAAT VAN PUBLIKASIES.

1989. Storm Sevenster. P88/11/165.

FOSTER, R. & VILJOEN, L.

1997. *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg.

KANNEMEYER, J.C.

2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652–2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

KOMRIJ, G.

1999. *Die Afrikaanse poësie in 'n duisend en enkele gedigte*. Amsterdam: Bert Bakker.

LAMBRECHTS, M.

2010. 'Storm Sevenster' verdien meer lesers. *Volksblad*, 13 November: 9.

MACLEOD, F.

1983. Row flares up over alleged axing of Perskor publisher. *Star*, 7 October [geen bladsynommer].

OLIVIER, G.

1984. Banale Pretorius vol clichés, slegte prosa. *Rapport*, 22 Julie: 19.

OOSTERLIG.

1984. Wenkbroue sal lig oor dié werk. 22 Augustus: 12.

OPPERMAN, D.J.

1983. *Groot Verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.

PIENAAR, H.

1984. Pretorius sit die skop terug in pop. *Beeld*, 13 Augustus: 8.

RAND DAILY MAIL.

1984. Perskor publisher is sacked. 6 October [geen bladsynommer].

TEMPO.

1984. Storm Sevenster. 1 Junie: 11.

TERBLANCHE, E.

2012. Wessel Pretorius (1949–2012). *LitNet*, ATKV-Skrywersalbum. Aanlyn beskikbaar by: <http://www.litnet.co.za/Article/atkv-wessel-pretorius-19492012> (Besoek op 26 Februarie 2012).

*THE ARGUS.*

1983. Alleged pre-censorship by Afrikaans Press group. 11 October: 8.

TIMMERMANS, G.

1984. Onbillik teenoor Wessel. *Rapport*, 5 Augustus: 18.

PRETORIUS, W.

1984. *Storm Sevenster*. Johannesburg: Perskor.

2010a. Inligtingstuk: *Storm Sevenster*. Inligting vir bemarkingsdoeleindes is deur Wessel Pretorius aan Hond verskaf.

2010b. *Storm Sevenster – 'n roman*. Pretoria: Hond.

RABIE, J.

1984. Knysna woodcutters a century ago. *The Cape Times*, 1 Augustus: 8.

VAN SCHALKWYK, P.

2011. *Storm Sevenster – 'n roman*. *Tydskrif vir Letterkunde* 49(1): 226–228.

VAN WYK, P.

1983a. Wessel se prosa stuur Perskor in 'n storm. *Rapport* [geen bladsynommer].

1983b. Roman vergaan byna in storm oor sensuur. *Rapport*, 6 November: 6.

VAN ZYL, I.

1984. Storm is 'n aanslag op die tydgenootlike gewete. *Die Suidwester*, 30 November: 14.